# OU HANDELSVOETPAAIE EN WAPAAIE IN OOS- EN NOORD-TRANSVAAL

*Dr. J.B. de Vaal*

Toe die Voortrekkers die binneland van suidelike Afrika gedurende die vroeë dertigerjare van die vorige eeu op 'n georganiseerde wyse ingetrek het, moes hulle onder meer sorg vir veilige begaanbare weë vir hul kakebeenwaentjies, suipings vir hulle groot troppe vee en vleis vir die pot. Die topografie van die binneland, die onbevolkte streke van die Vrystaat en Transvaal, die vlak bolope van riviere en standhoudende fonteine het grootliks hulle trekroetes bepaal.[1] Gelukkig kon die Voortrekkerleiers Johannes van Rensburg en Louis Trichardt oor groot afstande eeue-oue handelsvoetpaaie, wat van Delagoabaai en Inhambane die binneland ingelei het, gebruik.

B.H. Dicke, wat vir die grootste gedeelte van sy lewe 'n handelaar in die Laeveld naby Duiwelskloof op die plaas Modderspruit was, het nie net 'n deeglike studie van die ou handelsroetes gemaak nie, maar ook van die wyse waarop daar langs so 'n handelsvoetpad handel gedryf is.[2] Toe dr. W.H.J. Punt navorsing oor die trekroetes van Van Rensburg en Trichardt begin doen het, was een van sy eerste take om vas te stel waarlangs die ou handelsvoetpaaie van Soutpansberg na die naaste twee ooskushawens gegaan het. Dicke se kennis van Noord-Transvaal en van die Swartes was vir Punt van onskatbare waarde. Hy het in 1931 die handelsroetes wat aan hom bekend was vir Punt op distrikskaarte van 1929 aangedui.[3] Ongelukkig het Punt nooit één volledige kaart van die ou roetes geteken en gepubliseer nie, slegs maar die roetes wat op sy navorsing betrekking gehad het.

Met behulp van Punt se nagelate inligting en verskeie negentiende-eeuse kaarte was dit moontlik om die hoofroetes van Delagoabaai en Inhambane na die binneland en van Messina na die Rooibergtinmyne, asook enkele kleiner verbindingsweë en die Voortrekkers se oudste wapaaie, op 'n topografiese kaart aan te dui.[4] Trichardt en Van Rensburg se trekroetes, soos deur Punt gerekonstrueer wat nie met die ou handelsroetes saamval nie, word nie op hierdie kaart weergegee nie.

Een van die baanbrekers in Noord-Transvaal wat, soos Trichardt en Van Rensburg, die bestaande handelsvoetpaaie na die kus gebruik het, was João Albasini, die Portugese vise-konsul in die Zuid-Afrikaansche Republiek, superintendent van Naturellestamme, sogenaamde 'Wit Kaptein' van die Magwamba, olifantjagter en handelaar. Hy het van 1857 tot met sy dood in 1888 soos 'n Middeleeuse leenheer in 'n skans of fort in die Kleinspelonken, distrik Soutpansberg, tussen Piesangkop of Luonde en die Luvuvhurivier, gewoon.

*João Albasini, wat van die ou handelsroetes vanaf Delagoabaai gebruik gemaak het om sy handelsgoedere met draers na die binneland te vervoer*

FOTO: J.B. DE VAAL




In 1927 het my vader 'n gedeelte van Albasini se ou plaas Goedewensch, toe Goedehoop 362, by Albasini se kleinseun João, wat met 'n jonger suster van my moeder getroud was, gekoop. My oom en tante het hulle grasdakwoning digby die skans se fondamente opgerig. Ons het omtrent drie kilometer oos van hulle oorkant die rivier gewoon. Die Luvuvhurivier was die westelike en ook die noordelike grens van ons plaas. Die twee gesinne het oor en weer te voet vir mekaar gaan kuier. Ons voetpad was 'n vervalle, maar duidelike, ou wapad wat vanaf die skans ooswaarts al langs die noordelike wal van die Luvuvhurivier uitgegrawe was en die rivier op 'n vlak plek tussen twee seekoeigate vol krokodille deurgegaan het. Die pad het feitlik oor ons werf verder oos, verby Mashaokop, gegaan. 'n Ou Shangana-Tsonga, Kamanjan, wat op ons plaas gewoon het en in sy jeug saam met sy ouers onderdane van João I was, het my meegedeel dat Albasini die wapad laat maak het vir gebruik na Delagoabaai en die jagveld. 'n Foto wat ek in 1935 geneem het, toon duidelik die pad teen die rivierwal. Die pad is ongelukkig in 1948 baie beskadig met die bou van die Albasini-besproeiingsdam.

Alhoewel ek die meeste gebiede waardeur die ou roetes gegaan het, herhaaldelik per motor deurkruis en só leer ken het, het ek egter nooit soos Punt 'n roete te voet of andersins gevolg nie. Daar is dus leemtes en beslis foute in hierdie poging, ook omdat die ou kaarte van mekaar verskil. Hierdie artikel en die geraadpleegde bronne kan egter vir toekomstige navorsers 'n inligtingsbron en beginpunt wees.

Dit is duidelik dat die vroeë handelaars 'n deeglike studie gemaak het van die topografie van die gebiede waardeur hulle moes reis. Die handelsvoetpaaie het gewoonlik die rivierbeddings gevolg, omdat die water in 'n sekere sin reeds die weg vir die handelaar aangewys het, maar ook omdat water vir daaglikse gebruik dan binne bereik was. Om 'n hoeveelheid water saam te dra, sou tot gevolg hê dat minder handelsgoedere vervoer kon word.

Die handelaars het in bergwêreld bergpasse en poorte

1. P. SERTON, Aardrykskunde van die Trek, *Die Huisgenoot* (Groot Trek gedenkuitgawe), 1938, pp. 35-37.
2. A.T. RAUBENHEIMER, Dicke, Bernard Heinrich, in *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek IV* (Pretoria, 1981), p. 136.
3. S.P. Engelbrecht-Museum, Pretoria (EMP), Graadblaaie (plaaskaarte) — in 1929 uitgegee deur die Staatsdrukker, Pretoria.
4. UNIE VAN SUID-AFRIKA, 1:500 000 topografiese kaarte (Pretoria, 1936).




uitgekies om oor of deur te gaan. Deur soms olifantvoetpaaie te volg, het die vroegste handelaars vanaf die ooskus die maklikste weë vir hulle draers wat swaar bondels op die kop moes dra, gekies. Olifante is die beste siviele ingenieurs van die diereryk, want hulle voetpaaie oorskry nooit 'n gradiënt van 3 in 1 nie.[5] Die reise is gewoonlik gedurende die droë seisoene onderneem, wanneer die groot riviere deurwaadbaar, die klimaat draagliker en malaria nie so erg was nie.

5. Persoonlike mededeling: U. de V. Pienaar; João Albasini IV, *João Albasini 1813-1888* (privaat uitgegee), p. 4.



*Dr. Willem Punt (voor) en prof. C.J. Uys by Zimbabwe in Julie 1952*
FOTO: J.B. DE VAAL

## ROETE A: DELAGOABAAI — MASHONALAND

Volgens 'n ou Portugese kaart van 1893[6] was daar 'n roete van Delagoabaai noordweswaarts wat die Komatirivier by Magude direk ten ooste van sy samevloeiing met die Uanetzirivier oorgesteek het. Die roete het die oostelike bedding van die Uanetzi gevolg tot waar die rivier weswaarts in die rigting van Uanetzipoort draai en deur die Lebomboberge vloei. Die roete hou egter noordweswaarts aan en gaan die bergreeks, wat hier 'n plato vorm, by drie verskillende plekke oor, naamlik by Mahasane,[7] Albinduane en die Cunquemeer. Volgens eerw. H. Berthoud se kaart van Soutpansberg gaan die roete deur die Olifantsrivier ten ooste van 'n stat by Pamahoma, by die Phalaborwa kopermyn verby in die rigting van Witkop (Tsaneheuwel).[8] Die stuk pad tussen die Olifantsrivier en die Lebomboberge word op dr. H. Raddatz se kaart uit die vorige eeu as "main footpath to Delagoa Bay" aangedui.[9] Vanaf die Tsaneheuwel het die voetpad verby die Castlekoppies gegaan, noordweswaarts gelei en volgens Dicke die Grootletabarivier by "Lower Letaba Drift" oorgesteek en oor Modjadjisnek in die Bolobedoberg ten ooste van Observation Hill of Shirulurulu gegaan.[10] Dicke merk oor hierdie gedeelte van die roete die volgende op: "Some eighteen miles north of the range, a solitary conical mountain draws immediate attention. Its shape reminds one of Vesuvius or Fujiyama . . . That conelike mountain is Levanga (also called Lebanga, Rebanga, or Levaka, according to the different Bantu languages and dialects of the tribes living thereabout). Past Levanga, skirting the Wolowedo range on its eastern point, led the great communication road, the inland short cut between Delagoa Bay and Southern Rhodesia (Mashona and Manicaland). Along this road, only a native footpath, of course, where men travelled in single file, the Magwamba traders with their porter columns came from Delagoa Bay to compete with the traders from the mouth of the Limpopo, from Inhambane, from Sofala. For centuries the native traders of the Thonga tribes, to which the Magwamba belong, had been using this route from Delagoa Bay through the Northern Transvaal lowveld before the inland regions through which they passed had been inhabited."[11]

Volgens Dicke was die inboorlinge van Delagoabaai af se belangrikste handelsdepot op die plaas Bellevue 75, teenoor Levangakop, geleë. Hierdie voetpad het noordwaarts gelei, wes van Magorkop, oor die plaas Schuynshoogte met Tshimbubfe of Ysterberg in die ooste. Die voetpad het deur die Luvuvhurivier op die plaas Weltevreden ten ooste van Valdezia gegaan. Die roete het verder oor die latere sendingstasie Beuster, die Phiphitiwaterval, Tshivhase, deur Thengwe se lokasie, verby Tshongane en deur Malaladrif oor die Limpopo na Mashonaland en Zimbabwe gelei.[12] Eerw. A. Merensky dui hierdie voetpad op sy kaart van Transvaal van 1875 ook aan as 'n "hunting road",[13] terwyl Berthoud dit in 1903 op sy kaart van Beuster noordwaarts as 'n "wagon road to Fort Victoria", dus ook na die Zimbabweruïne, aangee. Hierdie roete is ook in 1871 deur Karl Mauch op sy reis na Zimbabwe gevolg. Mauch het vir 28 dae by die Portugese vise-konsul, João Albasini, op sy plaas Goedewensch vertoef om hom vir sy staptoer gereed te maak. Albasini het hom van Magwambadraers, wat waarskynlik al voorheen by die bouval was, voorsien. Op 5 September 1871 het hy by die Zimbabweruïne aangekom en daarna die bestaan daarvan wêreldkundig gemaak.[14]

Tydens sy noodlottige trek van Soutpansberg na Delagoabaai het Louis Trichardt op 13 Maart 1838 deur die poort van die Uanetzanarivier (klein Uanetzi) deur die Lebomboberge getrek. Hy het die Uanetzi oorgesteek en toe die ou handelsvoetpad na Delagoabaai gevolg.[15]

Toe João Albasini in Soutpansberg gewoon het, eers as handelaar in Schoemansdal (1853-1857) en daarna op sy plaas Goedewensch, het hy ook van hierdie roete gebruik gemaak. Dicke sê hieroor: "He now brought his goods to Schoemansdal with native porters over the Delagoa Bay — Mashonaland trade route, the short cross-country route already mentioned, branching off therefrom at Levanga."[16]

Albasini het die roete tot op Goedewensch soos volg beskryf: "Van die fort na 'n plek genaamd Mazuva; van daar na Mohamba, van daar na Pocoana, van daar na Clhangano, van daar na 'n ander plek behorende aan die opperhoof met die naam Mazavelle — die plek se naam is Magemella — en van hierdie plek na die rivier Belule, van daar na Palauri, van daar na Groot Litthave en van daar na

6. Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria (TAB), 2/5 *Provincia de Mocambique* 1:1 000 000 (1893).
7. Arabiese naam.
8. HENRY BERTHOUD, *Map of Zoutpansberg, North Transvaal* 1:333 000 (Berne, 1903).
9. TAB, 3/478 H. RADDATZ, *Map of the Zoutpansberg district, Transvaal Goldfields* 1:500 000.
10. EMP, Graadblad nr. 8; Leydsdorp; BERTHOUD, *op. cit.*
11. B.H. DICKE, *The bush speaks* (Pietermaritzburg, 1936), p. 4.
12. EMP, Graadblad nr. 8; BERTHOUD, *op. cit.*
13. A. MERENSKY, *Original map of the Transvaal or South African Republic including the gold and diamond fields* 1:1 850 000 (Berlin-Botsabelo, 1875).
14. J.B. DE VAAL, Die rol van João Albasini in die geskiedenis van die Transvaal, *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 16(1), 1953, p. 140; *Die Transvaler,* 8.4.1983; E.E. BURKE (red.), *The journals of Carl Mauch* (Salisbury, 1929), p. 119 e.v.
15. W.H.J. PUNT, *Louis Trichardt se laaste skof* (Pretoria, 1953), p. 96.
16. DICKE, *op. cit.*, p. 20.



*Carl Mauch (1837-1875), die Duitse geoloog en ontdekkingsreisiger, wat vanaf Albasini se plaas Goedewensch in Soutpansberg langs die ou handelsroete na Zimbabwe toe gestap het.*

die Klein Litthave, van daar na Macia en van daar na Goedewensch, waar ek woon."[17]

Volgens Dicke was Albasini se vesting die eindpunt van 'n tak van die Delagoabaai — Mashonaland-handelsroete.[18] 'n Bewys dat hierdie roete reeds in 1727/28 bestaan het, is dat 'n Swarte, Mahumane, van Delagoabaai af 'n reis daarlangs na die land van Inthowelle afgelê het. Alle gegewens dui daarop dat dit 'n Vendakaptein was wat te Dzata aan die Nzhelelerivier gewoon het.[19] Trouens, alle Vendakapteins word beleefdheidshalwe 'Ithovele' genoem.

## ROETE B: VAN INHAMBANE NA SOUTPANSBERG

Volgens Dicke "a regular trade route had developed from Inhambane through the Limpopo, near its junction with the Limvubu and past Tsikundo Kop."[20] Vir besonderhede van hierdie ou handelsroete van Inhambane na die Lebomboberge is ons aangewese op die reeds genoemde Portugese kaart van 1893. Daar is verskeie ander kaarte waarop die roetes van die Lebombo na Soutpansberg aangedui word. Die Portugese kaart dui die roete van pater Joaquim de Santa Rita Montanha en tweede luitenant Antonio de Souza Teixeira met hulle Swart draers en gidse, in 1855 na Zoutpansbergdorp gevolg het om handelsbetrekkinge met die Boere te gaan aanknoop. Op die kaart is die verskillende plekke waardeur hulle gereis het en wat die priester in sy reisverslag noem, aangedui.[21]

Van Inhambane af is hulle na Chicuque, Mongo, Guione se kraal, Cambi se kraal, Malamula se kraal, Murrabameer, Nitemallameer, die gebied van die kapteins Ingoana, Macuacua en Marive, Inhamelangameer, Monhembongomeer, Chiqueta, Madiacune, 'n drif deur die Limpopo, Chivandana, Madacumue se kraal, Machambo (Matsambo) se kraal, deur Shingwedzipoort in die Lebomboberge na Mocane se kraal, waar die roete eindig.

Van Shingwedzipoort was daar twee roetes wat na Soutpansberg gelei het. Die een roete het die vallei van die Grootshingwedzirivier gevolg en tussen die twee Shivulanekoppies deurgegaan om by 'n ander ou roete aan te sluit wat tussen Elim en Pafuri al langs die suidelike oewer van die Luvuvhurivier af gegaan het. Die belangrikste depot vir handelaars van Inhambane af was, volgens Dicke, by die Shivulaneheuwels.[22]

Volgens Montanha het sy geselskap 'n ander voetpad van Shingwedzipoort af gevolg. Dit het by 'n voetpad aangesluit wat van Inhambane deur Shilowapoort gegaan het. Die voetpad het al langs die oewer van die Kleinletabarivier geloop. Nadat Montanha die rivier oorgesteek het, is sy geselskap verby Masia se stat wat teen 'n geterrasseerde kop gelê het. Hulle roete het verder verby Kurulen en Mashaokop na Albasini op sy plaas Goedewensch gegaan.[23]


Volgens Punt het Van Rensburg in Junie 1836 hierdie ou roete al langs die Kleinletaba, deur Shilowapoort na Matsambo se kraal, op die westelike oewer van die Limpopo, gevolg toe hy en sy geselskap deur Manukosi se krygers naby Matsambo vermoor is.[24] Op Jeppe se kaart van Transvaal (1879), verskyn die volgende woorde direk onder die naam Matsambu: "Battle Ground between Boers and Shoshangans" (Manukosi).[25] Jeppe het hierdie inligting waarskynlik by die Natalse landmeter St. Vincent Erskine oorgeneem. Erskine het die moordplek in 1872 besoek en sy kaart daarvan in 1878 met die volgende woorde daarby, gepubliseer: "Battleground between Trek Boers and Shoshangan Army (Baobab)."[26]

A. Petermann gee ook op 'n kaart van 1870 'n aanduiding van die roete wat Montanha na Soutpansberg gevolg het.[27] As 'n mens dit met die priester se dagboek en die reeds genoemde bronne vergelyk, word die roete foutief aangedui. Toe Petermann en 'n paar Boere 'n jaar later na Inhambane terug reis, het hulle vanaf Soutpansberg gedeeltelik 'n ander roete, waaroor later uitgebrei sal word, gevolg.

## ROETE C: LANGS DIE OOSTELIKE VALSKERPTE

Volgens 'n kaart wat Punt in April 1953 saamgestel het, het daar 'n ander roete van Delagoabaai in 'n noordwestelike

17. J. ALBASINI, *Vise-Konsulêre brieweboek*, p. 11. 'n Fotokopie van die oorspronklike Portugese ms. en 'n Engelse vertaling daarvan is in besit van die skrywer. Albasini gee die volgende verduideliking: "Goedewensch is die naam van my plek en dit beteken: Goeie Wens — Litthave is die naam van 'n rivier wat so genoem word, maar omdat daar twee met dieselfde naam is, word hulle om dié rede in Groot en Klein Litthave onderskei. Palauri is 'n landstreek wat so heet. Belule of Libelule is 'n rivier wat so genoem word. Maxavella is die naam van 'n opperhoof, Clhangano is die naam van 'n plek. Pocoano is 'n opperhoof met daardie naam. Mohamba is die naam van 'n landstreek. Maxuva is die naam van 'n sekere opperhoof wat die seun is van die vroeëre koning van Mohamba en broer van die teenswoordige koning."
18. DICKE, *op. cit.*, p. 21.
19. GERHARD LIESEGANG, New light on Venda traditions: Mahumane's account of 1730, *History in Africa* 4, 1977, pp. 163-181.
20. DICKE, *op. cit.*, p. 17.
21. TAB, Aanwins A 81 De Santa Rita Montanha se reisverslag.
22. BERTHOUD, *op. cit.*; EMP, Graadblad nr. 8. "Shivulane" kan beteken "hulle maak oop", sodat die reisiger kan deurgaan, want die koppies staan langs mekaar en die huidige grootpad, soos ook seker die geval in die verlede met die handelsvoetpad, gaan tussen hulle deur.
23. MONTANHA, *op. cit.*, p. 24 e.v.; BERTHOUD, *op. cit.*; *Bartholomew's tourists' map of South Africa* 1:2 500 000 (Edinburgh, 1903).
24. W.H.J. PUNT, Waar die Van Rensburgtrek in 1836 vermoor is, *Koedoe* 3, 1960, pp. 206-237 (met sketskaarte).
25. F. JEPPE, *Map of the Transvaal and the surrounding territories* 1:1 850 000 (Pretoria, 1879), in E.F. SANDEMANN, *Eight months in an ox-wagon* (London, 1880).
26. PUNT, Waar die Van Rensburgtrek. . .., p. 225.
27. A. PETERMANN, *Originalkarte van C. Mauchs Reisen im innern von Süd-Afrika* 1:2 000 000 (Gotha, 1870).



*Die ou wapad, wat vanaf Albasini se skans waar die kolletjie bome links op die foto is, ooswaarts deur die Luvuvhuriver na Makuleka toe gelei het. Op die agtergrond is Piesangkop of Luonde.*

FOTO: J.B. DE VAAL, 1935

rigting gegaan.[28] Die roete het suidwes van Pescene noordwaarts geswenk en die Komatirivier net noord van Moamba oorgesteek. Van daar het die roete aan die westelike oewer van die Komati geloop en deur die Lebomboberge by Sabiepoort gegaan. Die roete het die suidelike oewer van die Sabie gevolg, verby die latere Laer Sabie-ruskamp en Skukuza, oor Magashulaskraal naby die seekoeigate verby, waar João Albasini in 1845/46 'n baksteenhuis gebou en 'n handelspos gevestig het. Hy het die grond van die Kutswekaptein Magašule vir 22 beeste geruil op sy eerste handelstog na Ohrigstad gedurende die laaste helfte van 1845.[29]

Volgens Punt se kaart volg die roete van Magashulaskraal na 'n plek ten suide van die huidige Mac-Mac eers die suidelike en dan die noordelike oewer van die Sabierivier. Van daar gaan dit na Pelgrimsrust, die goewermentsplaas Rustplaats wat Albasini in 1851 vir 700 riksdaalders gekoop het,[30] dan langs die Ohrigstadrivier tot by Ohrigstad wat in 1845 gestig is. Volgens Dicke was dit ook die handelsvoetpad na Sekhukhuneland. Die hoofroete noordwaarts het verby Ohrigstad langs die Ohrigstadrivier geloop, deur die Olifantsrivier, al aan die voet van die Drakensberg langs, deur Shikororo en Magoboya se lokasies, wes van Tzaneen en Duiwelskloof en oos van Mokeetsi verby, oor Saliesnek en deur die westelike hoek van Mamahila se lokasie. Dit het by 'n voetpad aangesluit wat uit die Mashonalandroete op die plaas Grootfontein, naby die handelsdepot op Bellevue 75 gedraai en aan die westekant van die keëlvormige Rivollakop verby gegaan het Elim toe.[31]

In September 1860 het die jong Portugese handelaar en olifantjagter, Diocleciano Fernandes das Neves, met 'n geselskap van 253 Swart draers en jagters, gedeeltelik op die ou handelsvoetpad vanaf Lourenço Marques gereis om 'n handelsbesoek aan Albasini en Schoemansdal in Soutpansberg te bring.[32] Das Neves het die Lebomboberge by Sabiepoort deurgegaan en met Albasini se ou handelsvoetpad langs die Sabie gereis. Hy sê nie presies waar hy die Sabie deurgegaan het noorde toe nie, maar beskryf hoe hy deur die Olifantsrivier gedra is. Aanduidings is dat dit by die drif was van die roete wat na Soutpansberg en Mashonaland gelei het, want die geselskap is oor Phalaborwa en by 'n koppie verby wat van onder tot bo feitlik loodreg is. Dit moes die Castlekoppies gewees het.

Van die Letaba af het hulle al langs die rivier tot by Cheluana (Shiluvane) getrek. Volgens Berthoud se kaart het die voetpad van Shiluvane noordooswaarts oor Thabina verby die Shiruluruluheuwels gegaan, om weer by die hoofroete wat noordwaarts lei, aan te sluit.

'n Paart kilometer van die Letabaruskamp in die Krugerwildtuin op die rivierpad na die noorde toe staan daar 'n "baie ou hardekoolboom waarop 'n tipiese Portugese kruis diep op die stam uitgekerf is. Niemand kon werklik verklaar waar hierdie kruis vandaan kom nie en waarom dit nou juis hier, op die walle van die Letabarivier, uit 'n hardekoolboom wat baie oud moet wees, gekap moes word nie."[33] Na alle waarskynlikheid het Das Neves op sy reis al langs die Grootletaba die kruis daar aangebring.

## ROETE D: VAN ELIM NA PAFURI, INHAMBANE EN DELAGOABAAI

'n Ander roete na Inhambane en Delagoabaai het ooswaarts van Elim deur Karringmelkspruit, oor Welgevonden, met Mashaokop en Tshimbubfe aan die oostekant en Shikundokop en die Luvuvhurivier in die weste oor Pundamaria, Kloppersfontein en Baobabheuwel, na Pafuri gegaan. In Mavhambe se lokasie het daar 'n kortpad van die handelsdepot op Bellevue 75 by die roete aangesluit. By Pafuri het die pad deur die Limpopo gegaan en aan die oostekant van

28. EMP, W. Punt, *Ou wapaaie na Delagoabaai.* Roetes volgens E. Chapman, J. Basson, W. Punt e.a., 4.4.1953.
29. DE VAAL, *op. cit.*, p. 7; D. ZIERVOGEL, *The Eastern Sotho* (Pretoria, 1954), pp. 110-111.
30. J.H. BREYTENBACH, *Suid-Afrikaanse argiefstukke, Transvaal nr. 2: Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek II, 1851-1853* (Parow, s.j.), p. 49: E.V.R. 3, kommissieraadsvergadering, Lydenburg, 27.11.1851, paragraaf 7.
31. DICKE, *op. cit.*, p. 20; EMP, Graadblad nr. 14: Ohrigstad; Graadblad nr. 8: Leydsdorp.
32. D. FERNANDES DAS NEVES, *A hunting expedition to the Transvaal* (Londen, 1879), p. 20 e.v.
33. Plekke van geskiedkundige belang om Letaba, *Custos* 2(10), September 1973, pp. 14, 17 en 19 (met 'n duidelike foto van die kruis).

die rivier suidwaarts by Chiqualaquala verby tot by Matsambo gelei. Daar het die roete die voetpad gekruis wat deur Shingwedzipoort van Inhambane na Soutpansberg gegaan het.[34] Verder het dit langs die Limpopo na Delagoabaai gelei.[35]

'n Gedeelte van hierdie handelsvoetpad is ook deur Albasini en die Schoemansdalse en latere Soutpansbergse jagters gebruik om met hulle ossewaens tot by Makuleka, digby die samevloeiing van die Luvuvhu en die Limpopo, te reis.[36] In Mei — Junie 1836 het Van Rensburg gedurende sy trek na die kus vir etlike weke langs die ou handelsvoetpad op die plaas Welgevonden in Soutpansberg uitgespan. Ter herdenking van hierdie gebeurtenis het die Raad vir Historiese Gedenkwaardighede 'n gedenkplaat op dié plaas aangebring.

Toe De Santa Rita Montanha en sy geselskap op 23 Junie 1856 hulle terugreis na Inhambane aanvaar het, het hulle hierdie roete tot by Chigualaquala gevolg. Daarvandaan het hulle min of meer 'n suidoostelike koers ingeslaan en by hoofman Bocota se stat verby gegaan. Hulle is deur die Luizerivier en het 'n ent aan die oostekant daarvan suidwaarts gereis. By 'n begaanbare drif het hulle die rivier weer oorgesteek en suidooswaarts na die gebied van kaptein Marive en by die kraal van Pachano verby gegaan na Ingoana. Hier het Montanha by sy roete wat hy die vorige jaar Zoutpansbergdorp toe gevolg het, aangesluit.[37]

## ROETE E: VAN DIE ZIMBABWEBOUVAL NA DIE MESSINAKOPER- EN ROOIBERGTINMYNE

Tussen die Zimbabwebouval en die Messinakopermyne was ook 'n ou handelsroete, wat, volgens G. Caton-Thompson, ". . . running south-west, leads to the ancient workings of the great copper bearing regions of Messina, whose traffic with Zimbabwe may be indicated by scattered minor ruins along the line and terminus."[38] Hierdie ou roete moes die Limpopo by Fleuresdrif deurgegaan het[39] en verby Msingalelekop, waar al die smeltwerk deur die eerste Swart smede gedoen is, al langs die Sandrivier en dan langs 'n gedeelte van Brakrivier op. Op die plaas Longford het die roete suidwaarts gedraai, oor Vetfontein, Vogelstruis, verby die Soutpan en Soutpansberg se westelike punt by Vivo. Daarna het dit ooswaarts gedraai, oor Mara waar die Buysmense later gewoon het. Die roete het verder, ter wille van water, suidwaarts al langs Houtrivier, verby Loskop, Kalkbank, deur Moletse se lokasie en oos van Strydomsloop, deur Bloedrivier, oor Doornkraal ten weste van die huidige Pietersburg gegaan. Trichardt het hierdie Houtrivierroete in 1836 agter Van Rensburg aan na die Soutpan gevolg.[40] Die roete het die Sandrivier gevolg, wes van Ysterberg verby, deur Makapaanspoort oor die huidige Potgietersrus, langs die Mohalakwêna- of Nylrivier op, verby Nylstroom en tot by Buyskop digby Bilabila, die latere Warmbad. Volgens Punt was daar in die verre verlede aan die voet van Buyskop 'n sterk fontein wat later deur Boesmans toegestop is.[41] Die verdere roete word nie op een van die ou kaarte waaroor ek beskik aangedui nie. Dit moes egter vanaf Bilabila weswaarts gedraai het na Smelterskop, waar die tinsmelterye was. Die roete was moontlik hoofsaaklik langs die berg, maar het ook afgewyk na die tinmyntjies op die berg. Verby die Rooiberg- en Weynektinmyne het die roete straks suidwaarts na die Leeupoortmyn gedraai.

Max Baumann, 'n ingenieur, merk die volgende oor 'n ou pad in daardie omgewing op: "One more evidence of the ancient occupation of this district is an ancient road . . . which starts from the neck, joining Smelters Kop to the Elandsberg and climbs the latter in a northerly direction and at the summit turns east, is lost, or at any rate, has not been further traced. It has been cut out of the side of the hill, and the excavation material filled in on the down hill edge of the road, and it is wide enough to take a wheeled vehicle. The road was not made by any Bantu, for no Kafir has ever been known to pick up a stone out of his path . . . he will either step over or go round it . . . and he has never been known to build a path, besides it is much too broad for a native road and apparently leads nowhere. From its state of delapidation and the vegetation growing in it, it must be very old. It has not been made by the Voortrekkers nor by any Boers, for no Boer would climb over a hill when he could go on the flat, round either end of the range as can be easily done. It is, therefore, of earlier age than either Boer or Bantu.

Smelters Kop was a sort of Acropolis, overlooking the Rooiberg Valley — well situated for defence — a place of refuge during times of battle and raids by other tribes. The road may therefore have been built with the object of insuring the safety of travellers — perhaps heavily laden with ingots — in an easterly direction towards the coast. The road is so exposed that no raiders could approach the road unseen and ambush the travellers."[42]

Die geheim van hierdie ou pad sal egter nie ontdek word voordat dit nie gevolg en ten volle ondersoek is nie.

## ROETE F: LANGS DIE SANDRIVIER OP

Op slegs een ou kaart van 1903 word daar 'n pad aangedui wat uit die Brak- en Sandrivierroete gedraai en al langs die westelike oewer van die Sandrivier gegaan het.[43] Langs hierdie pad kon handelaars Matšhêma, 'n miniatuur-Zimbabwe op 'n heuwel op die plaas Solvent, besoek. Die voetpad moet baie oud wees, want volgens oorlewering was die Swart Messinakoperdelwers en die Matšhêmabewoners aan mekaar verwant.[44] Daar het dus gereelde kommunikasie tussen hulle bestaan. Opgrawings dui daarop dat die bewoners in die verre verlede ook handelsverbintenisse met die see en die buitewêreld gehad het. Glaskrale, seeskulpies, 'n stukkie wit porselein met 'n blou stippeltjie daarin, waarskynlik van Portugese oorsprong, asook 'n stukkie groen glas, is gevind.[45]

Van Matšhêma het die handelsvoetpad al langs die Sand-

34. EMP, Graadblad nr. 8; BERTHOUD, *op. cit.;* TAB, S.2/307 *Sketch map of the N.E. Zoutpansberg, Z.A.R.* (ongedateerd).
35. TAB, 2/5 *Provincia de Mocambique* 1:1 000 000 (1893).
36. F. ELTON, Journal of an exploration of the Limpopo River, *Journal of the Royal Geographical Society* 42, 1872, p. 47.
37. TAB, A 81 De Santa Rita Montanha se reisverslag, p. 58 e.v.
38. G. CATON-THOMPSON, *The Zimbabwe culture* (Oxford, 1931), p. 12.
39. BARTHOLOMEW, *op. cit.*
40. EMP, Graadblad nr. 1:Pietersburg, nr. 2:Rhodes Drift en nr. 3:Zoutpansberg.
41. W. PUNT, *The relationship between the pioneer routes in the Transvaal and ancient trade routes* (pamflet van die Suid-Afrikaanse Argeologiese Vereniging) (Johannesburg, 1975), p. 18.
42. MAX BAUMANN, Ancient tin mines of the Transvaal, *Journal of the Chemical, Metallurgical and Mining Society of South Africa* 19(7), Februarie 1919, pp. 120-132.
43. BARTHOLOMEW, *op. cit.*
44. N.J. VAN WARMELO, *The copper miners of Musina* (Pretoria, 1940), p. 83.
45. J.B. DE VAAL, 'n Soutpansbergse Zimbabwe, *South African journal of science* 40, 1943, pp. 303-322, asook ongepubliseerde resultate van opgrawingswerk deur die skrywer.



*'n Voorbeeld van die pakwerk van afwisselende swart en wit klippe in een van die mure by die Matšhêmabouval.*

FOTO: J.B. DE VAAL

rivier na die huidige Waterpoort gegaan. Nadat die voetpad deur die poort was, het dit in die rivierbedding suid van die berg na Elim toe afgedraai en by die Delagoabaai- en Inhambaneroete aangesluit. Die hoofroete het egter suidwaarts langs die rivier na Sandrivierspoort, Rhenosterpoort en Doornkraal gelei, waar dit by die Houtrivierroete aangesluit het.

## ROETE G: VAN DIE SOUTPAN NA TSHIVHASE

Volgens Berthoud, 'n Switserse sendeling in Soutpansberg tussen die jare 1881 en 1898, was daar gedurende sy bediening 'n wapad ten noorde van die Soutpansbergreeks tussen die Soutpan en Tshivhase. Dit het die Sandrivier, Mtambaspruit en die Nzhelelerivier oorgesteek, verby die Dzatabouval gegaan wat deur die eerste Venda-immigrante gebou is, en verby die berg Tswime. Die wapad het by die Phiphitiwaterval by die Delagoabaai-Mashonalandroete aangesluit en van daar na Tshivhase gelei.[46] Hierdie wapad is vandag 'n teerpad tot by Wylliespoort. Op die plek waar die grondpad na Dzata toe wegdraai, moes oorspronklik ook 'n handelsvoetpad uit Vendaland gewees het, waarlangs die Venda, en miskien ook vroeëre bewoners ten noorde van die berg, sout, koper, tin, skoffelpikke en ander goedere kon vervoer. Trouens, metaalvoorwerpe wat op verskeie plekke langs hierdie wapad gevind is, staaf die vermoede dat dit aanvanklik 'n handelsvoetpad was wat al drie die noordsuid-roetes verbind het. Hoe oud dit is, weet ons nie. Daar het egter al in 331 n.C., soos deur Koolstof 14-toetse van kleipotskerwe bewys word, mense langs hierdie roete op Klein Afrika by Wylliespoort gewoon.[47]

## ROETES K, L EN M: WAPAAIE TUSSEN OHRIGSTAD, DELAGOABAAI, LYDENBURG EN PELGRIMSRUS

Die eerste Voortrekkerpad van Ohrigstad na Delagoabaai was min of meer dieselfde as die roete wat hoofkommandant A.H. Potgieter in Julie 1844 van Potchefstroom oor die toekomstige standplaas van die dorpie Andries-Ohrigstad gevolg het. Punt fouteer as hy op sy kaart van 1953 aandui dat die pad by die latere Pelgrimsrus verby gaan.

Op 20 Augustus 1845, pas nadat hulle hul op Andries-Ohrigstad gevestig het, is burgers toegelaat om plase "over de Delagoasberg" te laat aanteken.[48] Gerieflikheidshalwe het hulle dit so na as moontlik aan die begaanbare weg laat doen. Die naam van die plaas en die beskrywing van die ligging daarvan met betrekking tot die "komiesiepat", die "eerste groote rivier", "de wagendrift", en so meer, het A.P. van der Merwe in staat gestel om die loop van die eerste roete na Delagoabaai by benadering te bepaal.[49] Dit het langs die Ohrigstadrivier noordwaarts tot by Kaspersrivier

46. BERTHOUD, *op. cit.*
47. H.P. PRINSLOO, Early iron age site at Klein Afrika near Wylliespoort, Soutpansberg Mountains, South Africa, *South African journal of science* 70, September 1974, pp. 271-273.
48. J.H. BREYTENBACH en H.S. PRETORIUS, *Suid-Afrikaanse argiefstukke, Transvaal nr. 1:Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek I, 1844-1850* (Kaapstad, s.j.), p. 19:E.V.R. 1, Ohrigstad, 19.8.1845, paragraaf 5.
49. A.P. VAN DER MERWE, Die eerste pad van Ohrigstad na Lourenco Marques, *Historia* 6(4), 1961, pp. 291-294.



*Dzata, die oorspronklike hoofstat van die Venda-immigrante, aan die Nzhelelerivier in die Soutpansberg.*

gegaan, al langs die rivier oor Kaspersnek in 'n suidoostelike rigting, oor die Blyderivier en die plaas Ledouphine tot by Treurrivier, waar A.H. Potgieter tydens sy tweede tog na Delagoabaai die waens met 'n gedeelte van die geselskap agtergelaat het.[50] Die res het suidwaarts te perd langs die suidelike loop van die Treurrivier en Watervalspruit oor die plaas Klipkraal en die Sabierivier in die omgewing waar die latere dorp Sabie gestig is, oor die plase Spitzkop, Kruisfontein, Zwartfontein, Burger's Hall, by Pretoriuskop verby gegaan.[51] "Hiervandaan is hulle tussen Skipberg en die Embeamederivier — die naturellenaam vir Pretoriusrivier — langs die Krokodilrivier deur in die omgewing van Ludwigslust waar Nel[l]mapius later 'n drif gemaak het."[52]

In Oktober 1845 is 'n kommissie, bestaande uit 18 man onder leiding van Carel Trichardt as veldkornet, met ossewaens belaai met ivoor en velle, Delagoabaai toe. Hulle moes in opdrag van die Volksraad 'n handelsweg na Delagoabaai vind en open. Hulle was ook geregtig om plase "over die Delagoasberg" aan te teken.[53] In die omgewing van die Kwaggaspan-windpomp is daar deur 'n ondersoekspan van die Nasionale Krugerwildtuin "besonder diep kapmerke aan baie ou hardekoolbome gevind wat dui op die roeteverkenning."[54]

Die kommissie het Delagoabaai bereik. Al hulle trekosse het egter gevrek van nagana, wat deur die tsetsevlieg oorgedra is; hulle perde het gevrek van perdesiekte. Dis baie waarskynlik dat Trichardt se ou kennis sedert 1839, João Albasini, nog nie op sy eerste reis van Delagoabaai oor Magashulaskraal na Ohrigstad vertrek het nie, en dat hy hulle òf saamgeneem òf van trekdiere voorsien het. Trouens, hy was die enigste persoon wat hulle kon help, want volgens familietradisie het hy van donkies as trekdiere gebruik gemaak en self op 'n wit muil gery.[55] Donkies en muile was beter bestand teen perdesiekte en die tsetse, wat in die somer baie straf was. Hy het ook baie Swart draers gehad, wat hulp aan die Boere kon verleen. Wat ook al die geval mag wees, op 10 Desember 1845 was die kommissie in Ohrigstad terug, want op dié betrokke dag het hulle verslag van hulle sending aan die Volksraad gedoen.[56]

Watter roete het die kommissie en Albasini met sy draers gevolg? Volgens Jeppe se kaart van die Transvaal (1879), was daar 'n "Old Road to Delagoa" slegs van Macazule (of St. Luiz, soos Magashulaskraal later ter ere van die Portugese koning genoem is) af (roete K op sketskaart), en nie verder weswaarts nie. Die ou pad het ten ooste van Rhenosterkoppies, twaalf kilometer suidoos van Skukuzaruskamp verby gegaan en het blykbaar verderaan by Trichardt se kommissiepad, die "oudste weg naar Delagoabaai" en ook genoem "De Oude Wagenweg", aangesluit. Die roete het halfpad tussen Komatipoort en die Sabierivier by Godlininek oor die Lebomboberge gegaan en na die kus gelei (roete M op kaart). Albasini het hierdie roete met sy waens na Magashulaskraal gevolg. Wanneer hy egter draers gebruik het, het hulle die ou handelsvoetpad langs die Sabierivier gebruik (roete C op kaart).

50. F. Lion Cachet, *De worstelstrijd der Transvalers* (Amsterdam, 1898), pp. 294-296.
51. B.V. Lombaard, *Die bergpas oos van Sabie*, Bosboumuseumpamflet nr. 27 (Sabie, 19.10.1979).
52. Van Der Merwe, *op. cit.*, p. 293.
53. TAB, R.111b/45: Burger-Trichardt, Ohrigstad, 17.10.1845; Herinneringen van Karel Trichardt, in G.S. Preller, *Voortrekkermense II* (Kaapstad, 1920), p. 24.
54. U. de V. Pienaar en M.T. Mostert, Nuwe feite bekend oor romantiese transport-era, *Custos* 12(9), Desember 1983, p. 28.
55. João Albasini IV, *op. cit.*, pp. 3 en 4.
56. Breytenbach en Pretorius, *op. cit.*, p. 24:E.V.R. 1, Ohrigstad, 10.12.1845.

Van Magashulaskraal na Ohrigstad het Albasini se wapad aan die suidekant van die Sabierivier gegaan. Op die plaas Richmond het dit by die sameloop van die Sabie en Badenhorstskraalzynloop (die latere Mac-Mac) na die noordelike oewer geswenk en al op die waterskeiding van die twee strome langs, oor die plase Lunsklip, Rietspruit en Frankfort, na Klipkraal gelei. Verderaan het dit by die kommissiepad na Ohrigstad aangesluit.[57]

Toe Karl Mauch in September 1870 te voet van Delagoabaai af oor Magashulaskraal na Lydenburg op pad was, het hy die Albasinibouval besoek en beskryf. Verder weswaarts het hy aan die noordekant van die Sabierivier op 'n ou half toegegroeide wapad afgekom.[58] Dit was sonder twyfel die Ohrigstadters en Albasini se wapad tussen Ohrigstad, oor Magashulaskraal na Delagoabaai wat hulle 25 jaar tevore gebruik het.

Die plaas Klipkraal het blykbaar vir Albasini se draers en waens onderweg van Magashulaskraal na Ohrigstad as rusplek gedien. Volgens oorlewering was die oorspronklike naam daarvan "Bokkraal, gelegen aan de komiesiepat" wat op 6 November 1845 vir "A.H.J. Potgieter H. soon" aangeteken is.[59] Klipkraal was vir Albasini van soveel waarde dat hy, nadat die Potgieters in 1848 Soutpansberg toe getrek het, die eienaar daarvan geword het.[60] Die plaas se naam (Bokkraal, later Klipkraal) dui daarop dat daar tydens die Blankes se koms klipmure as tekens van vroeëre bewoning deur Swartes gewees het (soos ook op Maleo se nabygeleë plaas In de Diepte). Die plase was sekerlik baie jare voor Albasini se koms vir die Swart smouse en reisigers tussen Delagoabaai en Sekhukhuneland ook 'n rusplek. Op die aangrensende plaas, Geelhoutboom, was daar 30 jaar gelede nog 'n reuse-hoop klippe van verskeie soorte wat uit verskillende oorde afkomstig was. Dié *isiVivan* is waarskynlik deur die eeue deur reisigers as offers daar gestapel.

Dis te betwyfel of Albasini die lang "komiesiepat" sou gebruik het as hy goedere met draers van Magashulaskraal af na Ohrigstad moes laat vervoer. Hy sou die korter handelsvoetpad oor Rustplaats gebruik het. Hierdie plaas was, net soos Magashulaskraal en Klipkraal, strategies aan die ou handelsroete geleë. Die plaas het die gepaste naam Rustplaats gekry omdat nie net Albasini se draers nie, maar ook die Swart smouse jare tevore ná 'n moeitevolle tog oor die berg, daar afgepak en verpoos het. Volgens 'n kaart van 1883, wat op skaal geteken is, was Klipkraal presies halfpad tussen Rustplaats en Magashulaskraal, naamlik 40 kilometer of 'n dagskof vir 'n draer in daardie dae.[61]


Die "Oude Wagenweg" was om verskillende redes nie gewild nie. Dit was 'n maklik begaanbare weg, maar vir lang ente, veral gedurende die gesonde wintermaande wanneer daar gereis en gejag is, was daar nie genoeg standhoudende suipings vir die trekdiere nie. Daarom vind ons in Julie 1848 weer vir Carel Trichardt, J.J. Burger[62] en W.F. Joubert in Delagoabaai nadat hulle 'n ander roete verken het.[63] Hierdie nuwe pad moes rybaar gemaak word en minder as 'n jaar ná die verkenningstog, op 7 Maart 1849, kry veldkornet Jan de Beer van die Raad van Representanten opdrag om in Meimaand te begin om die pad deur Zoasland (Umswaas se land) na Delagoabaai rybaar te maak. Hy kon van Swartes se hulp gebruik maak en kollektelyste open vir bydraes deur die publiek.

Op dieselfde vergadering het W.H. Neethling opdrag ontvang om aan die ander kant te begin en "den weg den Drakensberg af te maaken aan de boveneinde van Treurrevier, om daardoor een nadre weg te vinden zo wel na Delagoa als Inhambana . . ." Dis sekerlik omdat hierdie

*Die Albasini-bouval aan die Sabierivier in die Nasionale Krugerwildtuin, soos dit in* The Star *van 20 Junie 1925 verskyn het. Dis 'n foto wat waarskynlik kort ná 1902 deur die fotograaf C.A. Yates geneem is toe hy en veldwagter Harry Wolhuter die bouval herontdek het.*

FOTO: J.B. DE VAAL; GESKENK DEUR VELDWAGTER HARRY WOLHUTER

57. F. en C.F.W. JEPPE, *Jeppe's map of the Transvaal or S.A. Republic and surrounding territories* (Pretoria, 1899).
58. BURKE, *op. cit.*, p. 80 e.v.
59. BREYTENBACH en PRETORIUS, *op. cit.*, p. 194:Bylae 9, 1845, E.V.R. 264.
60. DE VAAL, Die rol van João Albasini . . ., p. 19.
61. TAB, 1/267 KELSEY LOVEDAY, *Map of the Lydenburg Gold Fields, S.A. Republic (Transvaal)* (Pretoria, 1883).
62. PIENAAR en MOSTERT, *op. cit.*, p. 28.
63. BREYTENBACH en PRETORIUS, *op. cit.*, pp. 255-256: Bylae 17, 1848, V.R. 51/48.



"nadre weg" die Drakensberg af oor Klipkraal en daarvandaan ooswaarts langs die Sabie oor die genoemde plase Frankfort, Rietspruit, Lunsklip, Richmond en Magashulaskraal gegaan het, dat João Albasini die meeste op 'n kollektelys vir die bou daarvan bygedra het, naamlik 12 mud mielies, 6 pikke, 'n koevoet en 'n os.[64] Daarom kom dit ook nie vreemd voor nie dat daar ses jaar later, op 4 Julie 1855, op Lydenburg deur 'n kommissieraadsvergadering besluit is dat 'n driemankommissie bestaande uit raadslid C. Potgieter, landdros J. de Clercq en veldkornet F.J. Combrink met Jacob Middel as tolk en sekretaris, met 'n wa en tien osse oor Maxaxulle na Delagoabaai sou reis. Hulle sou dus langs die "nadre weg" reis. Die kommissie moes op 23 Julie op J.H. Breytenbach se plaas by Krugerspost bymekaar kom en die volgende dag daarvandaan vertrek. Hulle het twee Swartes as gidse gehad.[65] Of hierdie kommissie van Krugerspost af nog die lang "komiesiepat" oor die verlate Ohrigstad, Kaspersnek en langs die Treurrivier af geneem het, en of die handelsvoetpad tussen Klipkraal en Rustplaats al omskep was in 'n rybare wapad, is nie duidelik nie. In Delagoabaai se rigting was Carel Trichardt se nuutverkende roete rybaar, want veldkornet De Beer het sy opdrag reeds in Junie 1849 uitgevoer deur met behulp van Swazi's 'n rybare pad tot by die plaas Eb en Vloed anderhalf dag se reis van Delagoabaai af te maak. Die Portugese goewerneur het onderneem om dit daarvandaan deur Portugese gebied kus toe te laat voltooi.[66]

Die nuwe roete en latere pad (roete L op kaart) het suid van die "oude wagenweg" ten noorde van Skipberg oor die Krokodil- en Komatirivier, deur Matalhapoort in die Lebomboberge, Delagoabaai toe gegaan. Hierdie pad, wat vir ente moeilik met 'n ossewa begaanbaar was, het eers twintig jaar later tot sy reg gekom toe die Lydenburgse goudvelde in 1869 ontdek en Mac-Mac as hoofkwartier vir die mynkommissaris gebruik is. Die mynwerkers se pad het aanvanklik oor die latere Mount Andersen na die goudvelde gegaan. Nadat die delwerye egter in die vroeë sewentigerjare na Pelgrimsrus toe uitgebrei het, en die goudvelde in Oktober 1873 deur president T.F. Burgers besoek is, is die pad in opdrag van Burgers van Lydenburg na die goudvelde en Delagoabaai gemaak. Daar is ook 'n kortpad oor Krugerspost, by Pelgrimsrus en Klipkraal verby, gemaak.[67]

Daar bestaan verskillende kaarte uit die vorige eeu wat die nuwe paaie aandui. Volgens 'n kaart van 1891 gaan die nuwe pad van Skipberg af in 'n westelike rigting ten suide van Manungu se kop verby.[68] Dit word bewys deur 'n ondersoek wat beamptes van die Krugerwildtuin ter plaatse ingestel het. Loveday se kaart van 1883 gee die duidelikste beeld van die ou wapad van die Fort in Delagoabaai na Lydenburg en Pelgrimsrus. 'n Alfabetiese lys van 505 plaasname met hulle registrasienommers, grootte en destydse eienaars, asook die oorspronklike plaasname (soos Badenhorstskraalzynloop vir die huidige Mac-mac, Pretoriusrivier vir Mbyamiti, en Lozieskop in plaas van die niksseggende Logieskop) is ook op die kaart bewaar. Wat besonder interessant is, is die feit dat elke uitspanning aangedui word as "old station". Die uitspannings van die Fort af was: Compos Corvo, 17 myl (27,2 km); Progress de Guedes, 16 myl (25,6 km); na Castilhopolis, deur Matalhapoort, 16 myl (25,6 km); Coopersdal, 4 myl (6,4 km); na Ludwigslust, 15 myl (24 km); na Joubertshoop, 16½ myl (26,4 km); na Pretoriuskop, 16 myl (25,6 km), en na Burger's Hall, 12 myl (19,2 km). Geen "old stations" of uitspannings word verder aangedui nie, maar weswaarts gaan die pad oor die plase Hebron en Ophir, Hendriksdal, Klipgat, verby Duiwelskneukels, Moodiesberg, oor die plase Dekuilen en Sterkspruit Lydenburg toe. Dit sluit op die plaas Spitzkop by die pad van die latere Sabie na Pelgrimsrus aan.

Dit is interessant om daarop te let dat die uitspannings meestal ewe ver van mekaar af was. Vyf-en-twintig kilometer was die afstand wat 'n ossewa in 'n dag kon reis. Die korter afstande tussen die uitspannings, soos tussen Castilhopolis en Coopersdal, moet aan die steilte van die pad en die beskikbaarheid van water vir die trekdiere toegeskryf word.

Die tsetseprobleem is gedeeltelik oorkom deur in die dag op oop plekke te rus en in die nag te reis. Deur hierdie reismetode te gebruik het Albasini en 'n sekere Combrink in 1848 met twee ossewaens tot by Delagoabaai gereis sonder om 'n dier te verloor. Die gebied wat met tsetsevlieë besmet was, kon in minder as twee uur deurgetrek word, en dit het hulle in die nag afgelê. Hierdie reismetode het later algemene praktyk by die transportryers geword.[69]

By sommige van die uitspannings of rusplekke was daar winkeltjies soos aan die voet van Manungukop, by Josekhulusspruit op Joubertshoop, by Nellmapiusdrif in die Krokodilrivier, op Ludwigslust, en by Furleysdrif in die Komatirivier op Coopersdal.

Vir die opknappingswerk aan die pad wat die Hongaarse landmeter A.H. Nellmapius in 1875 gedoen het, het die Volksraad aan hom die plase Burger's Hall, Pretoriuskop, Joubertshoop, Ludwigslust, Coopersdal en Castilhopolis toegeken.[70]

## ROETES H, I EN J: VAN OHRIGSTAD EN LYDENBURG NA SCHOEMANSDAL EN ALBASINI

Toe die Voortrekkers van Ohrigstad en Lydenburg af na Schoemansdal gereis het, kon hulle nie by Chueniespoort deur die Strydpoortberge gaan nie. Hulle moes 'n ander roete deur die berg volg. Hierdie roete, 'n eertydse handelsvoetpad, is ook gedeeltelik deur Dicke vir Punt op 'n distrikskaart ingevul (roete J op kaart). Van Lydenburg het die pad eers weswaarts en verderaan noordwaarts gegaan oor die Grootdwarsrivier en die Steelpoortsrivier, waar die Ohrigstadpad daarby aangesluit het. Dié pad het weswaarts tot op die plaas Goudmyn aan die Steelpoortsrivier gegaan en daarvandaan al op die oostelike oewer van die rivier tot by Steelpoortsdrif[71]. Daarvandaan is dit oor Magneetshoogte verby Ramakokskraal, deur die Olifantsrivier, langs die Gompiesrivier verby Groothoek, deur Strydpoort, net wes van Platnek, oor die plase Hartebeestfontein, Goede-

64. H.S. Pretorius en D.W. Krüger, *Voortrekker-argiefstukke 1829-1849* (Pretoria, 1937), pp. 369-371; Van der Merwe, *op. cit.*, p. 294.
65. J.H. Breytenbach, *Suid-Afrikaanse argiefstukke, Transvaal nr. 3: Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek III, 1854-1858* (Parow, s.j.), pp. 87-88 (E.V.R. 3, kommissieraadsvergadering, Lydenburg, 4.7.1855, artikels 9-14).
66. Breytenbach en Pretorius, *op. cit.*, p. 281: Bylae 13, 1849, V.R. 73/49.
67. R. Peacock, *Geskiedenis van die Lydenburgse goudvelde tot 1881* (M.A., U.P., 1950), pp. 10 en 52-65; D.W. Krüger, Die weg na die see, *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 1(1), 1938, p. 205 e.v.
68. TAB, 1/148 Bechtle en Marais, *Schetskaart van de Lebombovlakte tusschen Olifants- en Krokodilrivier, 1891;* U. De V. Pienaar en M.T. Mostert, Kleurryke karakters deel van Wildtuingeskiedenis, *Custos* 12(10), Januarie 1984, p. 13.
69. Breytenbach en Pretorius, *op. cit.*, pp. 259-260: bylae 19, 1848, V.R. 53/48; S.P. Engelbrecht, *Geschiedenis van de Nederduitsch Hervormde Kerk in Zuid-Afrika I* (Pretoria, 1920), bylae VIII.
70. Pienaar en Mostert, Nuwe feite bekend. . ., p. 28.
71. A.P. van der Merwe, Kaart: Paaie en roete (1836-1860), in *Lydenburg eeufeesgedenkboek* (Pretoria, 1950), p. 10; EMP, Graadblad nr. 21: Machadodorp, en Graadblad nr. 14: Ohrigstad.



*Waterpoort met die treinspoor en Sandrivier daardeur. Een van die ou handelsroetes het deur die poort langs Sandrivier gegaan.*

FOTO: J.B. DE VAAL

hoop, Waterval en Wildebeestfontein. By Marabastad het dit by die pad van die "voorste distrikte" aangesluit.[72]

Daar was twee paaie na Schoemansdal. Die een het al langs die Sandrivier, oor die plaas Klipdam, deur Rhenosterpoort, wes van Matok en Bandelierskop, reguit Schoemansdal toe gepeil (roete I op kaart).[73] Dis onseker of dit ook as 'n handelsvoetpad diens gedoen het voordat die Voortrekkers dit gebruik het. As in gedagte gehou word dat daar rooi-okermyne op Soutpansberg direk noord van Schoemansdal is en dat die Venda en ander bevolkingsgroepe vóór hulle al sestien eeue gelede op die terrein van die latere Happy Rest-skoolplaas aan die voet van die berg gewoon het,[74] is ons ten volle geregverdig om die gevolgtrekking te maak dat die Voortrekkers ook met 'n ou handelsroete van Rhenosterpoort af na Schoemansdal gereis het.

Oor die ander wapad na Schoemansdal en die Soutpan merk Dicke op: "After the Boers had founded Schoemansdal, salt-making at the Saltpan, behind the western end of the Soutpansberge, became an industry. The Hout River Route, until then only a native footpath, became a much travelled wagon track. On it the wagons loaded with salt travelled from the Saltpan to Strydpoort, the bottle neck through which all traffic from the Northern Transvaal to the South Eastern Transvaal and Natal had to pass."[75]

Volgens Jeppe se kaart was daar ook 'n kortpad na Schoemansdal toe. Die pad het noord van Loskop uit die Houtrivierpad gedraai en direk die vlakte ingeskiet.[76]

Van Doornkraal af was daar ook 'n jagterspad by Loskop en Witklip verby, tussen Soutpansberg en Blouberg deur, al langs Brakrivier. Dié pad het by die ou handelsvoetpad van Mashonaland af oor Messina aangesluit. Dit het op die plaas Margate noordooswaarts weggedraai en die Limpopo op die plaas River by Middeldrif deurgegaan. Verder aan het dit by die roetes van Zimbabwe na Messina en Delagoabaai aangesluit.[77]

'n Ander ou roete (roete D op kaart) het van Rhenosterpoort by Bandelierkop en Mahilaskop verby, oor Elim en Albasini se plaas Goedewensch na Mashonaland gelei.

Dit was gedurende die Voortrekkertydperk en ook daarna 'n jagterspad van die "voorste distrikte" af.[78] In pre-Europese tye is dié roete ongetwyfeld ook deur handelaars vanaf Inhambane, Delagoabaai en Soutpansberg na die tinmyne gebruik.

Die feit dat baie van die ou handelsvoetpaaie oor groot afstande tot wapaaie en later tot teerpaaie ontwikkel het, spreek boekdele vir die topografiese kennis en vernuf van die eerste gebruikers daarvan. ■

72. EMP, Graadblad nr. 13: Geluk.
73. TAB, 3/478 H. RADDATZ, *Map of the Zoutpansberg district, Transvaal Goldfields* 1:500 000.
74. DE VAAL, 'n Soutpansbergse Zimbabwe. . .; persoonlike mededeling: H.P. Prinsloo, Departement Argeologie, U.P.
75. B.H. DICKE, The Northern Transvaal Voortrekkers, *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 4(1), 1941, p. 117.
76. F. JEPPE, *op. cit.*
77. EMP, Graadblad nr. 2: Rhodes Drift.
78. BARTHOLOMEW, *op. cit.*; C.J. MOERSCHELL, *An der Grenze der Zivilisation* (Würzburg, 1910). (Kyk kaart getiteld 'Meine Farm und ihre Nachbarschaft' (1910) tussen pp. 44 en 45).